

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria

Ek was Maandag die 16de by die Voortrekkermonument en het die dag vreeslik geniet. Dit het my laat onthou daar is meer sulke geleenthede as ons net daarvan weet. My inligtingslys is ongelukkig weg [seker iewers tussen die fotos] dus is die inligting maar gebrekkig. Indien u weet van enige interessante geskiedkundige uitstappies laat weet asseblief.

Sungarden Hospice op die hoek van Lynwoodweg en Generaal Louis Botha verkoop elke eerste Saterdag van die maand hul Africana Boeke. Ek het al heelwat boeke daar gekry teen baie redelike pryse.

Africana Vereeniging het hierdie maand 'n uitstappie na 'n "stone age site" onder leiding van Anton Pelser. Kontak: Mollie Wilmer [012] 343 3595 of Nico van der Walt [012] 542 2641

Tshwane Erfenis Stigting [Simon van der Stel] het 'n staptoer by Leeubrug in Kerkstraat Kontak: Anna Spaarwater [012] 460 6850 of Londa Zollner [012] 460 3632

Hartbeespoort Erfenis gaan kyk na die Hannes van Heerden Versameling. Kontak: Sigi [012] 204 1340 of Pieter 083 227 5414

-----

C.P. Hattingh, lid van die Geheime Diens.

Ek het weereens die waarheid besef van die spreekwoord: "mens moet nooit iemand aan sy baadjie trakseer nie". In die Staatsalmanak van van 1899 [p42] onder die opskrif BEDIENDEN STAATSGEBOUW is daar 'n lys van die kantoorbewaarders, skoonmakers, nagwagte en skoonmakers van die latrines. Onder hulle die naam van kantoorbewaarder C.P. Hattingh. Sy jaarwedde [salaris] was £300. Ek het onwillekeurig gedink, arme mense, is dit al waartoe hulle in staat is.

Onlangs het ek Johanna Brandt se *Kappiekommando* gelees en moes tot my verbasing agterkom dat C.P. Hattingh een van die vernaamste lede van die Geheime Kommissie was. Die Geheime Kommissie in Pretoria het voorrade en ook inligting na die boerekommandos in die veld gesmokkel. Hatting wou nie die eed van getrouheid aflê nie en het sy werk verloor. Om 'n inkomste vir sy vrou en kinders te verseker het hy 'n bakkerij in sy agterplaas bedryf. Hier het hy ook baie hulpbehoewende vroue en kinders gehelp met kos.

Op 5 Junie 1900, toe daar nie meer die minste twyfel was dat die Britte nog dieselfde dag die hoofstad sou binnetrek nie, het Hattingh die Transvaalse vlag van die vlagpaal op die staatsgeboue gehaal en in sy huis weggesteek. Hy het dit met geruste hart bewaar totdat hy as lid van die Geheime Kommissie minder veilig begin voel het en dit toe na die huis van 'n vriend, Isaac Haarhoff, gebring het. Tot aan die einde van die oorlog het mev. Haarhoff dit veilig bewaar en dit toe aan Hattingh teruggegee. Hy het dit aan genl. Botha gegee om aan die museum in Pretoria te skenk. [BRA-01 p99]

C.P. Hattingh was diaken van die N.H. of G. Kerk op Kerkplein en volgens Longland [p65] was sy huis in Pretoriusstraat tussen Kochstraat [Bosmanstraat] en Schubartstraat.

Isaac [Izaak] Haarhoff was die eienaar van die Kontant Winkel in Kerkstraat tussen Queenstraat en Van der Waltstraat. Sy woonhuis was in Strubenstraat [LON-135]. [Rosa Swanepoel]

-----

Mense en dinge 1924 [deur Linda Brink]

As mens vandag na Pretoria kyk en in hoe 'n mate sy populاسie sedert 1924 uitgebrei het, is dit moeilik om jouself in te dink hoe dit in daardie jare was. Almal het van almal se sake gewee,

soos wat dit maar in baie klein gemeenskappe gaan. Vandag ken Pretorianers skaars hulle buurman.

In *De Volkstem* is onder die opskrif *Mense en dinge* gereeld berig gegee oor die kom en gaan van mense, veral oor persone met nuuswaarde. 'n Paar uittreksels uit *De Volkstem* van Dinsdag, 30 September 1924:

- Minister Havenga het Woensdag te Bloemfontein die hoeksteen gelê van die nuwe gebou vir die Landbank in die Vrystaat.
- Mnr. A.W.J. Pretorius, van Grootplaats, distrik Pretoria, is in die Hoofstad opgemerk.
- Mnr. J. Harris, van Ermelo, het vir sake in die Hoofstad aangekom.
- Mnr. P. Koch het uit Rustenburg in Pretoria aangekom.
- Mevr. F.W. Beyers, eggenote van die Minister van Mynwese en Nywerheid, het in die Hoofstad aangekom en haar intrek in die Arcadia Hotel ingeneem.
- Mnre. J.F.B. Bisset, T. Orr en C.F.M. Wilcocks, van die Spoorwegraad, het van Bloemfontein na Paardeberg vertrek op 'n inspeksiereis.
- Mnr. T.B. Herold is terug in Pretoria van 'n besoek aan Bloemfontein.
- In 1911 tel ons Unie 658 300 blanke stedelinge en 618 000 blanke plattelanders. Tien jaar later was die getal respektiewelik 847 500 en 672 000. Die toename in stadsbewoners was derhalwe 189 200 en die landelike bevolking 54 000.
- H.K.H. Prinses Alice sal op 4 Oktober a.s. die fees open, wat op die gronde van die Loreto Konvent alhier, gehou word tot stywing van die boufonds van die R.K. kerk.
- Mej. H. Wilcocks, van Bloemfontein, het vir 'n paar dae se kuier in die Hoofstad aangekom en loseer by die Residensie Hotel.
- Mnr. D.I. de Villiers, van Kopjes, word vir sake in Pretoria opgemerk.
- Mnr. J.H. Munnik, L.V., het van Pietersburg hier aangekom en hy sy intrek by die Polleys' Hotel ingeneem.
- Mevr. R. Heuff, van Ermelo, word vandag in die stad verwag.
- Adv. Bertie van Hees, L.V., het vir sake na Kaapstad afgereis.
- Adv. Murray het van Bloemfontein na die Hoofstad teruggekeer.
- Mevr. Genl. Hertzog, eggenote van die Eerste Minister, het in die Hoofstad aangekom.
- Dr. Chris Beyers, van die Rand, was gister op besoek by sy ouers naby Brits en het gisteraand na die Goudstad teruggekeer.
- Mnr. J.P. Malan, onderwyser van Heidelberg, het met sy familie vir die vakansie in die Hoofstad aangekom.
- Mnr. en mevr. I.D. Venter, van Ventersdorp, het per motor vir hulle wittebroodsweke in die Hoofstad aangekom.
- Mnr. en mevr. Abram Buys is op die oomblik vir 'n kuier in die stad en by mnr. Kleynhans tuis. Mnr. Buys is een van Wakkerstroom se skaapboere; hulle weet niks van sprinkane af nie, maar net van goeie wolpryse. [Linda Brink]

---

Niks nuut onder die son [Ongewenste advertensies]

Ek het onlangs op 'n baie interessante foto van Leeubrug afgekom. My kennis is ongelukkig nie genoeg om die foto te dateer nie. Om u 'n idee te gee van wanneer die foto geneem is:

- 1.] Die pad is nog nie geteer nie.
- 2.] Daar is geen motorkarre nie, net 'n voetganger en 'n donkiekar.
- 3.] In die agtergrond is baie min geboue en groot stukke oop veld.

Wat die foto interessant maak is dat die voetstuk van die leeustandbeeld vol kennisgewings geplak is [ongelukkig kan ek nie lees wat daarop staan nie]. Langs die brug is 'n paal met die volgende kennisgewing:

**Stick no Bills**  
**Bill stickers beware**

Selfs in daardie jare was daar al probleme met onooglike advertensies teen geboue en pale.

-----

### Navraag? Watervoorsiening aan die Forte

Ek was verlede week met twee persone uit Nieu-Seeland by Fort Schanskop by die Voortrekkermonument. Die man vra my toe waar hulle water gekry het.

Ek was vir n oomblik uit die veld geslaan en het toe maar vorentdag gekoom met die antwoord dat dit van die Apiesrivier af kom. (Ek weet nie eens of dit reg is nie!). Hy wou toe egter presies weet of daar al krane was. Om eerlik te wees, ek het nie n clue gehad nie, en hom gesê ek weet nie, maar sal uitvind. [Nel Redelinghuys]

### Navraag: Witfontein Plaasopstel

Ons gesin het verlede jaar ingetrek op 'n plot in Heatherdale (naby Pretoria-Noord). Die woonhuis is 'n stoepkamerhuis van klip wat waarskynlik uit die 1890's of vroeër dateer. daar is ook 'n klipskuur vanuit dieselfde tydperk. Daar is ook die afgebrande murasie van 'n grasdakhuis uit die laat 1920's of vroeë 1930's, twee graansilo's uit 1942 en nog 'n paar latere geboue. Ons sal enige inligting oor die geskiedenis van die geboue, die oorspronklikeplaas (Witfontein) of die omgewing verwelkom. Volgens die akte-rekords was J.J.L. Pretorius die eerste eienaar van die plaas (sedert 1860). Daar is 'n hardnekkige storie onder die bure dat die huis aan 'n sekretaris van Paul Kruger behoort het, maar ek kon nog geen bewyse daarvan vind nie. Ons sal baie graag 'n foto van die huis se vroeëre jare wil opspoor. Baie dankie. [Ernst Muller]

### Antwoord: Engelenburghuis

Ek het inligting oor Dr Engelenburg opgespoor in 'n boek: "Die Geskiedenis van die Stad Pretoria" - Indien Lindie Botha 'n kontaknommer deurstuur na my kan ek die betrokke bladsye teks aan haar faks. Daar is ongelukkig net 'n karikatuur "foto" by die stuk en verder aan 'n groep foto van die Volksstempersoneel, geneem voor die Volksstemgebou, waarop Dr Engelenburg ook verskyn - die foto is net van 'n bietjie te ver af afgeneem. [Ben Pretorius]

### Antwoord: Van Boeschoten

Wat Petty van Wyk se navraag oor JC van Boeschoten betref: gaan dit oor JG van Boeschoten [ek neem so aan?] hy was skynbaar 'n gesiene persoon [Sir] en ook burgemeester [ 1908 -1911 ] Die huis waarin van Boeschoten gewoon het was op die westelike hoek van Walker- en Joubert strate. - meer inligting oor die huis het ek nie op die stadium nie, maar sal rondsoek.

Daar was ook 'n C [Cornelis] van Boeschoten wat in 1872 as onderwyser aan die Goewermentskool verbonde was. [Ben Pretorius]

### Antwoord: Nellmapius

Iemand het inligting gesoek oor 'n boek oor Nellmapius .  
Hiermee die inligting:

The Tycoon & The President, The Life and Times of Alois Hugo Nellmapius  
1847 - 1893, by Helga Kaye.  
Published by MacMillan Sopen African (Publishers) (Pty) Ltd, Johannesburg  
1978. ISBN 0 86954 073 4.

'n Baie oulike boek met 29 fotos. [Anton Jansen]

-----  
Groete tot volgende maand  
Rosa Swanepoel

---